



BESINNING EN MEDITASIE

VERVANG MET DIE VOLGENDE NUWE WERK.

DIE MISTIEKE KUNS VAN MARCELLA DE BOOM (UITSTALLING OKTOBER-NOVEMBER 2007)

Kobus Krüger

Omdat goeie kuns op verskeie vlakke beweeg en op baie maniere geïnterpreteer kan word, sal elkeen anders na hierdie twaalf werke van Marcella kyk. Ons kan baie lank voor elkeen van hulle staan en telkens iets nuuts, iets persoonliks, daarin vind. Ek vertrou dat Marcella haarself sal herken in wat ek in die perspektief van 'n liefhebber van die mistiek ontdek in die unieke wêreld wat hier rondom ons hang.

Ek kyk na die skilderye wat hier hang, as uitnodigings om dieper te sien, tot in die hart van dinge. Wat ons hier sien, is vir my mistieke kuns, gees-kuns. Met 'mistiek' bedoel ek die belewing van 'n radikale, transiente of absolute dimensie van dinge, anderkant – en tog ook, as geheim, binne-in - die alledaagse wêreld. Die mistieke oog sien dieper as die fisiese oog en sintuiglike dinge, dieper as die konseptuele oog en gedagtes. Mistieke kuns is nie net sig nie, maar oorsig oor die werklikheid as geheel, insig in wat die werklikheid in sy innerlikste bymekaar hou (om met Faust te praat) en uitsig op die verwerkliking van latente moontlikhede. Mistieke kuns wil nie maar net die voorgegewe, sintuiglike werklikheid realisties weergee nie, al rus dit in die sintuiglike ervaring; dit wil hierdie werklikheid nie maar net abstrak, fenomenologies of introspektief figureer nie, al sou dit 'n groot waardering hê vir daardie dimensie wat in die moderne Europese kuns so sterk na vore gekom het. Dit wil deurstoot na 'n verdere dimensie: 'n kontemplatiewe opgaan in – ja, wat sal ons dit noem?: die transiente oer-wortel en -konteks van dinge.

Dit is kuns wat gevoed word uit 'n besef van 'n groot geheim, en wat ons verplig om van daardie *mysterium*, daardie *arcانum*, bewus te word. Kuns kan allerlei godsdiensstige temas, van skepping tot kruisigung tot wederkoms, perspektiwies en andersins briljant behandel, en steeds op die vlak van naturalistiese afbeelding bly; dit kan indrukwekkend abstrak, figuratief en simbolies werk, en nog op die vlak van die begripmatige bly; maar kuns kan ook oor die mees gewone, alledaagse dinge gaan, en ons tot stilstand laat kom voor die groot geheim. Ek dink dat die hoogste mistieke ervaring huis die band met die gewone lewe vashou; en dat die beste mistieke kuns die radikale geheim in die gewone lewe raaksien en aan ons voorhou. Die versoeking is groot om nou name en voorbeeld van die mistieke dimensie in die skilderkuns en verwysings in Marcella se skilderye na te gaan, maar ons is hier om Marcella se skilderye te vier soos hulle hier voor ons hang. In hulle eie reg is hulle wonderlike voorbeeld van mistieke kuns. Saam gaan hulle vir haar, soos sy dit self stel, oor 'wese en wesenlikheid'. Soos ek dit verstaan, is dit 'n ander manier om 'mistiek' te sê.

Is daar iets soos 'mistiek' wat bo-oor die grense van kulture en godsdiensstreke strek? Ja. En as daar so iets is, vertoon dit sekere algemene eienskappe? Weereens sou ek 'ja' antwoord. Ek wil nou kortliks vyf sulke oorkoepeleende struktuur-elemente van mistiek - en dus van mistieke kuns, geeskuns – opnoem, en hulle toets deur hulle aan Marcella se kuns te meet. Al vyf



mysticism mistiek

impliseer mekaar oor en weer, en al vyf, dink ek, kom met 'n sagter of sterker aksent in al die skilderye voor.

Eerstens, mistiek is grenservaring; dit soek toegang tot 'n aangevoelde uiterste horison van ons ervaring; dit beweeg in bewussynsdae wat op die grense van ons alledaagse bewussyn lê. Ek wil daardie dimensie, waaruit alle dinge opkom en waarin hulle almal terugval, 'Gees' noem. Mistieke visuele kuns ontgin simboliek (insluitend temas, kleure, vorme) wat ons (om 'n woord by Jung te leen) 'archetipies' kan noem, wat ons aan daardie vreemde land van ons eerste herkoms herinner.

Marcella se kuns is simboliese kuns, waarin die simbole - konkrete simbole (diere, voëls, vrugte, eiers, blomme, volmaan) sowel as abstrakte simbole (sirkels, spirale) – sterk assosiasies het met en verwys na 'n ander ('dieper', 'hoër', 'innerliker') dimensie van werklikheid – of liewer, na 'n ander belewing as die gewone, 'n ander perspektief as die konvensionele, 'n ander staat van bewussyn as die alledaagse wakkerwees. Ons vind hier amper 'n droom-kwaliteit, en tog is dit nie heeltemal dieselfde as 'n droomwêrelde nie.

Ons kyk byvoorbeeld na die vrou wat so peinsend en vol vrede sit (*Die luisteraar*), oorvleuel deur 'n uiters ongewone, glansryke teenwoordigheid - verborge, net gesuggereer.

In *Ontbyt in tuin* het ons een van die interessante verwysings in Marcella se skilderwerk. Maar hoe anders is Marcella s'n nie as die gelyknamige skilderye van Manet, Monet en ander nie. In hierdie unieke visie sien ons 'n vrou alleen by haar ontbyttafel sit, maar sy is nie alleen nie. Sy is omring deur simbole van 'n wêrelde van vrede – en sy weet dit. Ons word binneklaat in hierdie vrou se unieke belewing. Wat voel sy waar sy so sit? Tevredenheid, dankbaarheid?

In *Chariot* het ons weer 'n verwysing, die keer na 'n visioen van Esegiël (Esegiël 1:15-21). Maar dit verwys ook bokant Esegiël uit, na dit waarna Esegiël self verwys: 'n wonderbaarlik-vreemde manifestasie van krag en heerlikheid. By Esegiël is hierdie visioen die voorspel tot sy roeping as profeet wat hewige kritiek op die godsdiens van sy dag sou behels. Sien ons hier by Marcella 'n dergelike maatskappy-kritiek, godsdienskritiek, in die wiele wat so haaks op die katedraal staan, in die sterk kontras tussen die helder, warmkleurige wiele en die somber-geskilderde kerkgebou?

In *Vrou en wasgoed* het ons 'n doodgewone handeling, 'n huislike toneeltjie wat Maandae miljoene kere in Suid-Afrika en elders afspeel: wasgoedpale, wasgoeddraad, wapperende klere (sokkies, broeke, hemde, onderklere, handdoeke, komberse), kat, hond. Maar hierdie wasgoed word, amper sonder dat jy dit agterkom, vreemde, half bo-aardse figure met gevoude hande. En 'n mens wonder waaroor hulle so verwonderd-aanbiddend is. Is dit oor 'iets' buite die wasgoed-toneel, of is dit dalk huis oor die ordinêre klere-was self, so alledaags, en huis só 'n heilige handeling? Ek dink dit is laasgenoemde.

In die tweede plek, net duskant die verdwyning in die absolute beweeg groot mistiek tussen twee pole: die enkele ding in sy enigheid, en die samehang, die geheelheid, van alle dinge. Ek glo dat ons in hierdie versameling van skilderye bevestiging van hierdie vermoede kry. In die algemeen (afgesien van mistiek) is die verband tussen enkelheid en geheelheid 'n wonderlike saak. Kom ons neem waar wat hier om ons hang: 'n twaalftal enkele werke, elkeen uniek in sy eie reg, met sy eie boodskap; maar saam vorm hulle 'n geheel, wat meer is as die som van die afsonderlike skilderye. Hoe jammer dat hulle uitmekaar moet gaan. Maar dan gaan elkeen van hulle weer 'n plek inneem in nuwe gehele, in sitkamers of gesinskamers of kantore waar mense na hulle gaan kyk en dit in hulle lewens opneem. Op die vlak wat ons 'mistiek' wil noem, neem ons dieselfde waar, maar



met 'n sekere kosmiese, selfs goddelike dimensie. Elke enkele klein ding bevat die ganse kosmos, is gelaai met kosmiese potensie. Marcella wys dit vir ons.

In 'Die naaldwerkster' sit 'n vrou op haar eentjie en naaldwerk doen. 'n Eenvoudige handeling in 'n skynbaar geïsoleerde situasie van miskien 'n eensame vrou. Maar in die enkele stekie, via al-groter wordende assosiasies, word die natuur, die godsdiens, die ganse gewone lewe, bulderende motorfietse en al, geïmpliseer – alles onder die integrerende warmte van 'n stralende son. Bedoel Marcella net dat een ding assosiatief tot die ander lei in die gedagte-wêreld van die vrou as sy so sit? Of bedoel sy dat klein en groot, enkel en geheel, éénvoudig en onbegryplik kompleks, wesenlik in die mistieke skou sáam-gesien word? Ek glo albei dimensies word hier aan ons voorgehou.

Kom ons kyk na *Lig aansit*. Weer 'n skynbaar verbandlose handeling wat elkeen van ons hoeveel keer elke aand doen. Ons druk weer 'n keer die skakelaar en vergeet dalk om dit weer af te sit, so onbenullig gering ag ons dit. In Marcella se oë word die aanskakel van die elektriese lig in ons huise 'n wonderwerk, elke keer weer. En sy slaag daarin om ons in daardie ontdekking te laat deel. Niks daaraan is vanselfsprekend nie. Met elke onnadenkende druk van die skakelaar blom die kosmiese – ek wil sê goddelike – lig warm om ons uit.

Kyk weer na *Ontbyt in tuin*. Van die arms van die vrou tot – ja, alles in die skildery, omvou alles mekaar. Marcella se unieke kyk is vol mistieke verwysings. Die tier hou die lammetjie saggies vas (ek glo Jesaja [sien Jesaja 11] sou baie van hierdie uitbeelding gehou het); mens en dier word saamgebond; alles omarm mekaar, sluit mekaar in. Selfs die adders van die verlore paradys kry in Marcella se visie 'n integrale betekenis. Maar historiserende eskatologie word teenwoordige mistieke werklikheid. Die wonder voltrek sig nie 'eendag' nie, maar in 'n alles-insluitende nóú, skilder Marcella.

Die groot integrasie het ook sosiale implikasies. In *Besoek aan reënvrou* word kontinente, kulture, godsdiens, eogge en rasse in 'n groot verband met mekaar – en met die natuur (sien die suggestiewe aalwyn) – saamgebring. Die wit vrou in die katedraal en die swart reënvrou van ou Afrika hou dieselfde golwende lint – dieselfde perenniale heimwee – vas.

Kom ons by *Kind wat skilder*, staan Marcella in verrukking voor die wonder van die klein kind, opgeneem in haar eie klein wêreldjie, salig onbewus daarvan dat sy deel is van die lelie van die kosmos. Losstaande kind en lelie word saamhangende kind-en-lelie word saamvallende kind-lelie, lelie-kind, kind-kosmos. Het ons dit dan nooit besef nie? Ek onthou dat Marcella op 'n stadium oorweeg het om 'n akademiese studie oor kind as god te doen. Sy het haar verhandeling geskilder, en dit is beter só.

Die derde element: in groot mistiek is die transiensie van die absolute aan die een kant en die immanensie daarvan in die wêreld van sintuie en rede aan die ander kant, paradoksaal 'in-een'. Die twee dimensies is nie 'twee' nie, en tog ook nie 'een' nie; nie 'verskillend' nie, maar ook nie 'dieselfde' nie. Goeie mistieke kuns (soos ons byvoorbeeld in Zen-kuns sien), slaag daarin om die inbraak van die 'ander' dimensie in die gewone lewe te suggereer met die sintuiglike middele van vorm en kleur van ons vertroude, alledaagse dimensie. Die mistieke kunswerk is magie; die mistieke kunstenaar, alchemis: akriel word deurskynend tot op die goud van die 'ware' werklikheid. Die kunswerk bestaan maar net uit verf en dit beeld die doodgewone lewe uit, maar dit laat raaiselagtig die lig van 'iets' wat deel is van ons, en tog ook nie, deur. Dit betower en verlei ons om groot-oog te staan of kniel voor die wonder van die onpeilbare diepte wat nêrens anders nie as in die vlak watertjies om ons voete lê.

Ons sien hierdie ambivalensie volop in hierdie twaalf skilderye. Daar is geen skeiding tussen die innerlike en uiterlike wêrelde, tussen die gewone en die



mysticism mistiek

transendente nie. Die onderskeid wat daar is, is een wat ons self aanbring. Die engele verwonder hulle aan ons en ons dingetjies, miskien meer as wat ons ons aan hulle verwonder. Die uiteindelike en die absolute breek onmiddellik deur in Marcella se droomverlore kleinkind, net soos in die geluid van 'n padda wat in die water plons, of van klip teen bamboes in Zen. Marcella handhaaf die paradoks van nie-twee-wees en tog ook nie-een-wees: in *Noli me tangere* het ons 'n paradyslike tuintoneel, nog versterk deur spirale en sirkels van volmaaktheid; die opgestane Christus verskyn aan Maria Magdalena. Maar die twee figure bly skaduagtig, reik uit maar raak nie, en Christus beduie: 'moenie my aanraak nie'. In groot mistiek lê vervulling en heimwee baie naby aan mekaar. Jy arriveer nooit nie.

Vierdens beweeg mistiek tussen 'n verskriklike ontsetting en 'n rustige verwondering voor die groot geheim. Dit verskil van persoon tot persoon, van tyd tot tyd. Daar is die donker nag van die siel; en daar is die ekstase op die berg van groot uitsig, en die vreugdevolle herinnering op pad af. In mistieke kuns is die oorweldigende skoonheid van dinge, deurstraal van 'n 'ander' kant af, lank nie dieselfde as die mooiheid van 'n gemaklike alledaagse lewe nie. Sjamanistiese kuns as proto-mistieke kuns is nie 'mooi' nie. Maar mistieke kuns kan ook 'n kwaliteit van stralende klarheid hê. Die onpeilbare diepte en samehang word as pragtig beleef. In Marcella se skilderye sien ons so'n geluk en vrede. Dit is die atmosfeer wat al twaalf skilderye omhul, en wat ons saam met ons hier gaan wegdra. Op elke doek tree die warm gele, oranjes, rooie, tinte van rooskleur en pers ons tegemoet. Eintlik net in een skildery (*Besoek aan reënvrou*) oorheers meer afgetrokke bloue en groene. In nog twee (*Chariot*, en in *Winterdrome, somersange*) word die kerkgebou en die mense donker geskilder. In aldrie gevalle, vermoed ek, het dit kultuur-, sosiaal-, godsdiens-kritiese ('godsdien' in die sin van swaar geïnstitutionaliseerde religie) betekenis.

In die vyfde plek, vermoed ek, het groot mistieke kuns 'n 'diagnostiese' sowel as 'n 'terapeutiese', performatiewe uitwerking. Dit onthul die menslike kondisie; en dit is aansteeklik, transformatief. Dit 'sien' en 'wys' nie net nie, maar 'beïnvloed' en 'verander' ook. Dit maak dat die kyker anders na die werklikheid kyk, dit anders ervaar. Ons sien altwee hierdie dimensies in Marcella se geeskuns. Soos reeds gesê, is daar 'n stil maar subtiele kritiek op die patriargale samelewning en godsdiens, en op die menslike kondisie in die algemeen. In *Wintersdrome, somersange* reik een persoon (die vrou) skynbaar tevergeefs na die ander (die man) toe uit; en tog is hierdie verhaal opgeneem in 'n groter, helder konteks waarin simboliese vrugte en eiers, 'n groeiende boom en die suggestie van 'n baarmoeder, die belofte van iets anders dra. By Marcella is die natuur 'n simbool van groei van mens en kosmos. Hierdie simboliek is gewoon 'n gegewe van die menslike siel en verstand; ons is immers deel van die natuur. In *Volmaan met glaseiers* het ons 'n sterk samevatting, wat aan 'n mandala laat dink, van hierdie mistieke siening van gebore-word en groei as ons menslike bestemming.

Ons sien die tema van groei en vernuwing ook in *Besoek aan reënvrou* en in *Kind wat skilder*. Die baarmoeder as simbool van die wordende werklikheid (*Tathagatagarbha*) het vanaf 'n stuk of sestien eeue gelede in die Boeddhistiese mistiek 'n groot rol gespeel. Groot mistiek gaan oor (weer-)geboorte, groei, volwasse-word, hoe dit ook al in woord of beeld uitgedruk word (byvoorbeeld as vereniging met God onder watter naam ook al, of as deelwees van die Boeddhanatuur). Afgesien van die algemeen-Christelike verwysings is daar is ook opvallende spesifieke verbande, wil ek sê, tussen Marcella se vroulik-mistieke visionêre kuns en die visionêre vroue-mistiek van Middeleeuse figure soos



mysticism mistiek

Hildegard van Bingen (twaalfde eeu) en Hadewijch van Antwerpen (dertiende eeu).

Ek het net 'n paar algemene opmerkings gemaak. Daar is in elke skildery baie detail wat mens vasgryp. Maar kuns moet ervaar word, nie bepraat word nie. Veral wil ek nie nou praat oor die mens agter die skilderye nie, net sê dat ons hier nie slegs 'n kunstenaar van besondere mistieke verbeelding en insig het nie, maar ook 'n mens van groot eerlikheid en integriteit. Haar werke is die uitstralings van 'n gelukkige, oorspronklike, visionêre mens en kunstenaar. En dan moet ons die skilderye saamsien in die konteks van hierdie vertrek, hierdie hele huis, wat so sterk gekoppel is aan die elementêre kragte van die lewe: grond (klei), water, vuur (hitte) en plant (strooi). Dit is die ruimte waarin sy hierdie herinnering aan ons menslike oorsprong en bestemming aan ons bied.

Geen onbevange kyker sal tussen vandag en die einde van Desember (die uitstalling is tot dan toe oop) dieselfde mens hier uitstap as wat mens hierin gekom het nie. Om die skilderye so saam te sien soos hulle mekaar aanvul, is 'n seldsame voorreg. Hulle sal spoedig uitmekaar gaan, elkeen met sy eie boodskap. In 'n sekere sin is dit hartseer, soos wanneer 'n gesin uitmekaar spat. Maar dit is ook 'n goeie ding dat hulle soos sade in die wind wegwaai om êrens wortel te skiet. Ons gun dit aan Marcella dat elkeen van hulle 'n tuiste sal vind om jare lank plesier aan mense - klein, jonk en ouerig - te gee.

Marcella, baie geluk met hierdie wonderlike geskenk aan ons, en baie dankie daarvoor. Nog vele meer!